8 Desember 2023

## MEDIAVERKLARING:
## AGRI NW STANDPUNT & PERSPEKTIEF OOR BEESVERGIFTIGING BY TOSCA IN DIE NOORDWES PROVINSIE

Agri NW betreur die onlangse voorval van die vergiftiging van die beeste by Tosca op die plaas van Okkie Goosen in die Molopo-gebied van die Noordwes Provinsie.

Agri NW keur hierdie geval ten sterkste af as ŉ daad van terreur wat niks anders is as ekonomiese sabotasie en intimidasie nie! Die wreedheid teenoor hierdie onskuldige diere, waarvan sommige koeie dragtig was, kan nie ongesiens en ongestraf verbygaan nie.

Die voorval ontketen nou geweldige reaksie by belangstellende groepe alhoewel dit reeds die derde voorval van vergiftiging van beeste in hierdie streek is.

Wat hier plaasgevind het is die manifestasie van ŉ regering wat in alle opsigte in duie gestort het. Gevalle soos hierdie veroorsaak geweldige sosio-ekonomiese onstabiliteit wat deur kriminele bendes uitgebuit word vir eie gewin. Misdade soos grond besettings, wild- en veediefstal is aan die orde van die dag omrede dit nie effektief ondersoek en misdadigers nie vervolg word nie.

Misdade soos hierdie gebeur ook omdat die strafregstelsel nie funksioneer soos dit moet nie as gevolg van onbevoegde en korrupte beamptes wat dan daartoe bydra dat geregtigheid byna nooit geskied nie.

Agri NW is reeds die afgelope twaalf jaar aktief betrokke in die gebied en het letterlik tientalle vergaderings met die SAPD, Nasionale Vervolgingsgesag, Grondsake en die Premier se kantoor gehad. Deur Agri NW se bemiddeling is ŉ Nasionale SAPD Taakspan daar gestel om hierdie probleme aan te spreek, hierdie taakspan is reeds ontplooi in 2019, met weinig resultate. Talle regsaksies en ook hofinterdikte is verkry wat bloot deur die SAPD geminag is.

Agri NW het tydens die Provinsiale Komitee vergadering vir Landelike Veiligheid op 29 November 2023 aangedring op ŉ spesiale Provinsiale Taakspan wat na die Tosca-gebied gestuur is.

Intussen het Agri NW weer daarin geslaag om op nuut ŉ Nasionale SAPD Taakspan te verkry om in die gebied in te gryp. Die werksaamhede van hierdie taakspan sal slegs suksesvol wees indien beamptes van die SAPD en Nasionale Vervolgingsgesag ingespan word om bestaande asook uitstaande sake te ondersoek en suksesvol te vervolg.

Intussen is plaaslike landbouers aangewese op hul eie veiligheid groepe- en sekuriteits-maatskappye se dienste om na hul belange om te sien.

Agri NW is deurentyd in kontak met plaaslike Agri NW landbou veiligheidsgroepe en wil graag ons dank en waardering uitspreek vir die dikwels gevaarlike maar noodsaaklike werk wat hulle doen om die platteland te beveilig.

Agri NW gaan onverpoosd voort om lang termyn oplossings te verkry vir die faktore wat aanleiding gee tot die verval van hierdie gebied as gevolg van ŉ wettelose samelewing.

Dit is veral nou die tyd om koelkop te bly, saam te staan en seker te maak dat veiligheidsgroepe effektief funksioneer.

Deur saam te staan maak ons ŉ verskil!

**Navrae:**


Boeta du Toit
**Uitvoerende Hoofbestuurder, Agri NW**
**082 388 1722**

Naudé Pienaar
**Adjunk-Hoofbestuurder, Agri NW**
**082 776 8283**

Sarel Pretorius
**Voorsitter:  Landelike Veiligheid, Agri NW**
**082 375 4197**